D A W N
Distribution & Warehousing Network

GEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

vir die jaar geëindig
31 Maart 2016

Samevatting

Gedurende 2015 het DAWN se jaareinde vanaf 30 Junie tot 31 Maart verander. Die 2016 resultate is dus vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2016 voorberei met die vorige versladoeningstydperk synde vir die nege maande geëindig 31 Maart 2015.

- INKOMSTE +38% TOT R5,0 miljard (2015: R3,6 miljard)
- BEDRYFSVERLIES VAN R661 miljoen (2015: bedryfswins van R454* miljoen)
- WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VERLIES VAN 65,6 sent
  (2015: wesensverdienste per aandeel verlies van 28,06* sent)
- VERDIENSTE PER AANDEEL VERLIES VAN 318,31 sent
  (2015: verdienste per aandeel van 202,11* sent)
- NETTO BATEWAARDE DAAL MET 45% TOT 440,66 sent per aandeel
  (2015: 794,97* sent per aandeel)
- Geen dividend is verklaar nie.
- Die verskil tussen wesensverdienste per aandeel en verdienste per aandeel is as gevolg van beduidende waardedalings van beleggings en bates.
- Sedert jaareinde het die direksie stappe geneem om die situasie reg te stel. 'n Nuwe hoof- uitvoerende beampte is aangestel; 'n plan om die besigheid om te draai, is goedgekeur – implementering vind plaas in K2 van 2017.

** Hersaamgestel*

DAWN vervaardig en versprei kwaliteit handelsmerk hardeware, sanitêreware, loodgieterware, kombuis, ingenieurs en siviele produkte deur 'n nasionale, strategies geleë taknetwerk in Suid-Afrika, asook in geselekteerde lande in die res van Afrika en Mauritius. Die groep het twee hoof bedryfsegmente, naamlik bou en infrastruktuur, wat beide deur die solutions-segment ondersteun word.

Enige voorspellings in hierdie resultate is nie deur die maatskappy se ouditeure nagegaan of oor verslag gelewer nie.

Hierdie verkorte aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteure en is slegs 'n opsomming van die inligting wat in die volledige aankondiging vervat is. Die inligting in die verkorte aankondiging is onttrek uit die geouditeerde finansiële resultate (die volledige aankondiging). Die verkorte aankondiging is nie geouditeer nie. Die volledige aankondiging is op 15 Julie 2016 op SENS vrygestel en is ook op die groep se webwerf op www.dawnltd.co.za beskikbaar. Kopieë van die volledige aankondiging mag ook vanaf die maatskappy se geregistreerde kantoor of vanaf die kantore van die borg by die kontakbesonderhede hieronder, gedurende sake-ure teen geen koste, aangevra word en is ook ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy of by die kantore van die borg, beskikbaar. Enige beleggingsbesluit behoort op die inhoud van die volledige aankondiging wat op SENS en die groep se webwerf gepubliseer is, gegrond te word.

Namens die direksie

Diederik Fouché
Nie-uitvoerende voorsitter

Hanré Bester
Waarnemende finansiële direkteur

Germiston
15 Julie 2016

DISTRIBUTION AND WAREHOUSING NETWORK BEPERK

(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf) • (Registrasienommer 1984/008265/06) • ("DAWN" of "die groep" of "die maatskappy")

Aandelekode: DAW • ISIN: ZAE000018834 • E-pos: info@dawnltd.co.za • Telfoon: (011) 323 0450

Geregistreerde adres: H/v Barlowweg en Cavalerosrylaan, Jupiter Uitbr 3, Germiston, 1401

Direkteure: Diederik Fouché* (voorsitter), Stephen Connelly (tussentydse hoof- uitvoerende beampte), Lou Alberts^, George Nakos*, Hanré Bester (waarnemende finansiële direkteur), Saleh Mayet ^, Dinga Mncube ^, Veli Mokoena*, René Roos * Nie-uitvoerend ^ Onafhanklik nie-uitvoerend

Maatskappysekretaris: iThemba Governance and Statutory Solutions (Pty) Ltd

Voorbereider van resultate: Yolandi van den Berg (CA(SA)), senior groep finansiële rekenmeester, onder toesig van Hanré Bester (CA(SA)), waarnemende finansiële direkteur

Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Marshalltown, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Borg: Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk, Deloitte Place, Gebou 8, The Woodlands, Woodlandsrylaan 20, Woodmead, 2052

www.dawnltd.co.za

GRAPHICULTURE